SimpleStudy®

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2017

## GRAAD 11

| |
|---|
| **EKONOMIE** |
| **VRAESTEL 1** |

## MEMORANDUM

**16 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**(Vraestel 1)**

**MEMORANDUM**

---

**AFDELING A**
**VRAAG 1**

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 A √√ (vroue en fisies gestremde persone)

1.1.2 C √√ (land)

1.1.3 C √√ (15 – 64)

1.1.4 B √√ (Bygetel)

1.1.5 D √√ (Minister van Finansies)

1.1.6 A √√ (Ontwikkeling)

1.1.7 D √√ (Parastatale)

1.1.8 C √√ (Kringloop-diagram)

(8x2)

(16)

1.2 **KOLOMME**

1.2.1 D √ (Die staat besit al die produksiefaktore)

1.2.2 F √ (Goedere wat gebruik word om ander goedere te produseer)

1.2.3 A √ (Hulpbronne soos minerale en grond)

1.2.4 B √ (BBP (I) @ basiese pryse)

1.2.5 G √ (Publiseer die BBP-syfers)

1.2.6 H √ (Proses om rou materiaal om te sit in finale produkte)

1.2.7 C √ (C + I + G)

1.2.8 E √ (Kommunikasie, vervoer en energie)

(8x1)

(8)

1.3 **KONSEPTE**

1.3.1 √ Faktorkoste

1.3.2 √ Produksie / Toegevoegde waarde

1.3.3 √ Markpryse

1.3.4 √ Sosiale welsyn / welsyn

1.3.5 √ Intermediêre goedere

1.3.6 √ Nasionalisering

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

**AFDELING B**

Beantwoord TWEE uit die drie vrae uit hierdie afdeling in jou ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2 MAKROEKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae:

2.1.1 **Noem enige TWEE klassifikasies van natuurlike hulpbronne.** (2x1) (2)
- hernubare hulpbronne√
- nie-hernubare hulpbronne√

2.1.2 **Hoe word BNI bereken?** (1x2) (2)
- BNI = BBI + netto primêre inkomste (primêre inkomste van oorsee minus primêre inkomste na oorsee) √√

2.2 **DATA RESPONS**

2.2.1 **Met watter ekonomiese stelsel word kapitalisme verbind?** (1)
- Vryemarkstelsel√√

2.2.2 **Definieër die ekonomiese stelsel genoem in Vraag 2.2.1.** (1x2) (2)
- Is ’n ekonomiese stelsel waar pryse en hoeveelheid deur markkragte soos vraag en aanbod vasgestel word √√/ die besluite van wat, hoe en vir wie geproduseer moet word, word deur die privaatsektor vasgestel. √√

2.2.3 **Verduidelik waarom die markekonomie ’n wonderlike ding is, volgens Samuelson.** (1)
- Ekonomiese lewe gaan voort sonder direkte owerheidsinmenging. √

2.2.4 **Verduidelik TWEE nadele van geen staatsinmenging.** (3x2) (6)
- Gebrek aan infrastruktuur.√√
- Daar sal geen hawens of geen paaie wees om besigheid te maak of produkte te vervoer nie. √√
- Meer werkloosheid
- Meer armoede
- Geen ekonomiese groei

(Aanvaar enige relevante antwoord.)

## 2.3 DATARESPONS

2.3.1 **Identifiseer die beplande besteding op gesondheid in 2016 / 2017** (1)

- R168.4b√

2.3.2 **Die gegewe totale owerheidsbesteding in 2016 / 2017 beloop 'n bedrag van R 1 463.3 biljoen. Bereken die persentasie van die begroting wat toegeken is aan Basiese Onderwys in 2016 / 17.** (1x2) (2)

- (228,8 / R1 463.3) x 100 = 15.6 %√√

2.3.3 **"Die Minister van Finansies het in die 2016 Begroting gesê dat Personeelbesteding ingekort gaan word en besparingsmaatreëls versterk gaan word". Voorsien bewyse om die Minister se stelling te ondersteun.** (1x3) (3)

- Die Staat poog om besteding te snoei – Spandering op Algemene staatsdienste daal√ van (2015) R97.5b √na (2016) R73.7b√

2.3.4 **Noem die kategorie in die tabel wat die bedrag insluit wat gespandeer word op ouderdomspensioene.** (1x2) (2)

- Sosiale beskerming√√

2.3.5 **Watter afleidings kan gedoen word omtrent die skuld-dienste koste?** (1x2) (2)

- Gebeurlikheidsreserwe√√

2.4 **Bespreek kortliks die doeltreffendheid in die lewering van sosiale dienste in Suid-Afrika.** . (8)

- Onderwys en opleiding√
  - Onderwys is die enkele grootste uitgawe-item in die begroting√√
  - Dit sluit in basiese onderwys in skole VOO-kolleges en universiteite, om geletterdheid te verhoog. √√
- Gesondheidsorg√
  - Om basiese gesondheidsdienste aan die gemeenskap te verskaf. √√
  - Vraag na gesondheidsorg gaan waarskynlik toeneem namate meer pasiënte behandeling moet ontvang vir MIV/Vigs en TB. √√
- Behuisingsfunksie√
  - Sluit die voorsiening van behuising aan armes in. √√
- Sosiale sekuriteit√
  - Probeer die basiese behoeftes van sommige individue bevredig. √√
  - Dit beskerm ook en bevorder die regte van weerlose groepe soos kinders, ouer persone, vroue en mense met gebreke. √√
- Openbare orde en veiligheid√
  - Fisiese beskerming sluit in die weermag, polisie, kriminele regstelsel en korrektiewe dienste√√
  - Dit is kollektiewe dienste√√
  - Die kwaliteit en doeltreffendheid van hierdie dienste maak dat gemeenskappe en individue veilig en beskermd voel, of nie. √√

2.5 **Hoe word entrepreneurs vir hul bydra tot die ekonomie in Suid-Afrika vergoed?** (4x2) (8)

- Wins is die vergoeding wat die entrepreneur ontvang vir die risiko wat hy neem om ’n sakeonderneming te bedryf. √√
- Bruto wins is die verskil tussen verkope en die koste van verkope. √√
  - Bruto wins is die verskil tussen verkope van die maand minus bedrag aan grondstowwe bestee. √√
  - Hulle kan dan bepaal of die prys van hul produkte te hoog of te laag is. √√
  - Netto wins is bruto wins plus ander inkomste minus alle uitgawes wat die onderneming moet aangaan om te funksioneer. √√
  - Netto wins behoort aan die entrepreneur. √√
  - Netto wins dui aan of die onderneming se lopende uitgawe √√ (elektrisiteit, telefoon, water, skryfbehoeftes, ens.) te hoog is, en die entrepreneurs se wins onnodig verlaag. √√

**[40]**

**VRAAG 3 MAKROEKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae:

3.1.1 **Noem enige TWEE voorbeelde van sosiale dienste.** (2x1) (2)

- onderwys√
- gesondheid√
- behuising en gemeenskapsdienste√
- sosiale beskerming√
- publieke orde en veiligheid√
  (Aanvaar enige TWEE relevante antwoorde.)

3.1.2 **Waarom word die betaling vir invoere ’n lekkasie genoem?** (1x2) (2)

- Wanneer betaling vir invoere gemaak word, vloei die geld na ’n ander land. / Geld vloei uit die sirkulêre kringloop van die land na die ander lande. √√
  (Aanvaar enige relevante antwoord.)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Noem TWEE sektore wat waarde toevoeg tot die BBP in Suid-Afrika.** (2x1) (2)

- Primêre sektor√
- Sekondêre sektor√
- Tersiêre sektor√ (Enige TWEE)

3.2.2 **Verduidelik internasionale mededingendheid.** (2)

- Internasionale mededingendheid is die vermoë van plaaslike ondernemings / fabrieke om die prys en kwaliteit van hul produksie-uitsette met die van ander lande te vergelyk en seker te maak dat dit aan ander lande se standaarde voldoen. √√

3.2.3 **Wat moet gedoen word om die vervaardigingsektor te verbeter?** (2x2) (4)

- Die staat moet herfokus op besighede en onderwys en nuwe beleide optrek wat hedendaagse uitdagings in die vervaardigingsektor aanspreek√√
- mededingende voordele oorweeg wat SA se vervaardigingsektor as een van die wêreld se grootste vervaardigingsmiddelpunte sal plaas. √√
- Die vervaardigingsektor uitbrei. √√

3.2.4 **Waarom is die sekondêre sektor so belangrik vir ’n land se ekonomie?** (1x2) (2)

- Die sekondêre sektor dra by tot die BBP√√
- Skep werksgeleenthede√√
- Waarborg ekonomiese onafhanklikheid√√
- Verdien buitelandse valuta√√
- Bied ’n belangrike beleggingsgebied√√
- Waarborg strategiese belangrikheid in Afrika√√

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Watter metode word in die bostaande tabel gebruik om die BBP te bereken?**
- Produksiemetode √ (1)

3.3.2 **Gee EEN voorbeeld van belasting op produkte.**
- BTW√
- Sondebelasting√
- Aksynsbelasting√ (Enige EEN) (1)

3.3.3 **Bereken bruto binnelandse produk teen markprys.**
(Toon alle berekeninge.)
- 3 454 141 √+ 404 939√ – 12 972√ = 3 846 108√ (4)
BBP @ Basiese pryse + Belasting op produkte – Subsidies op produkte = BBP @ Mark pryse

3.3.4 **Waarom is daar so ’n groot verskil tussen primêre inkome vanaf die wêreld as primêre inkome aan die wêreld?** (2x2) (4)
- Suid-Afrika gebruik baie meer buitelandse produksiefaktore as enige ander land.
- Suid-Afrika het minder gesofistikeerde faktore soos arbeiders / ’n tekort aan vaardighede.
- Baie buitelandse ondernemings doen besigheid in Suid-Afrika.
(Aanvaar enige ander korrekte antwoord)

3.4 **Verduidelik die verskil tussen *geldkapitaal* en *reële kapitaal*** (2x4) (8)

- Geldkapitaal
  - Die geld wat gebruik word om kapitaalgoedere mee te koop. √√
  - Geld is net kapitaal as dit gebruik word om kapitaalgoedere te koop ten einde verdure produksie moontlik te maak. √√

- **Reële kapitaal**
  - Toerusting en masjinerie wat met geldkapitaal gekoop is om te gebruik in die produksieproses waartydens nuttige goedere en dienste vervaardig word. √√
  - word verdeel in vaste kapitaal bv. grond en geboue, voertuie, toerusting en meubels. √√
  - Hierdie goedere word duursame kapitaalgoedere genoem want hulle word meer as een maal in die produksieproses gebruik. √√
  - Bedryfs of vlottende kapitaal is roerende bates, bv. kontant vir daaglikse uitgawes en items soos grondstowwe en gedeeltelik verwerkte goedere√√.
  - Omdat die goedere slegs een maal in die produksieproses gebruik word, word dit as nie-duursame kapitaalgoedere geklassifiseer. √√

3.5 **Hoe het die sellulêre foonindustrie daartoe bygedra om die uitsluiting van armes tot kommunikasie te beperk?** (4x2) (8)

- Sellulêre fone is redelik wyd beskikbaar. √√
- Die stelsel is goedkoop om te gebruik. √√
- Die fone kan gebruik word selfs al het iemand nie eers ’n vaste adres nie. √√
- Die gebruikers hoef nie te wag vir die beskikbaarheid van lyn-verbindings nie d.w.s die fone is enige tyd toeganklik. √√
- Die maandelikse betalings hoef nie so hoog te wees nie. √√
- Die pryse van die fone self wissel van die goedkoopste tot die duurste om in die smaak en voorkeure van die verbruiker te voorsien. √√
- Daar is ’n wye keuse van fone wat in die behoeftes, smaak en voorkeur van die verbruikers voldoen. √√

(Aanvaar enige relevante antwoord.) **[40]**

**VRAAG 4 MAKROEKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 **Beantwoord die volgende vrae**

4.1.1 **Noem enige TWEE markte in die kringloop diagram.** (2x1) (2)

- produkte mark / goedere en dienstemarkte√
- faktormark / arbeidsmark√

4.1.2 **Waarom sal ’n besigheid ’n salaris of loon aan ’n lid van ’n huishouding betaal?** (1x2) (2)

- Die huishouding bied arbeid aan die besigheid wat hierdie faktor nodig het om goedere en dienste te produseer.
- In ruil vir hul arbeid ontvang die huishouding ’n salaris of ’n loon as vergoeding.√√

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Watter produksiefaktor word gemeet deur produktiwiteit?** (1)

- Arbeid√

4.2.2 **Wat is die vergoeding vir hierdie faktor genoem in Vraag 4.2.** (1)

- Salarisse en Lone√

4.2.3 **“’n Toename in arbeidsproduktiwiteit lei tot meer werksgeleenthede, beter inkomste en aansienlike winste.”**
**Watter impak sal dit op die Suid-Afrikaanse ekonomie hê?** (2x2) (4)

- Dit sal tot ’n voorspoed / opswaaifase lei. √√
- Ekonomiese groei
- Ekonomiese ontwikkeling
(aanvaar enige relevante antwoord)

4.2.4 **Waarom is dit onmoontlik vir Suid-Afrika om ’n ryk land te word?** (1x2) (2)

- Inflasie groei vinniger as lone. √√ /
- Produktiwiteit groei baie stadig. √√

4.2.5 **Noem enige TWEE faktore wat die kwaliteit van ’n arbeidsmag bepaal.** (2x1) (2)

- Skoolopvoeding√
- Vaardigheidsopleiding√
- Gesondheid√

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Wat is jou eie mening oor die persentasie van verbruiksbesteding in die 4de kwartaal, in vergelyking met die vorige kwartale.** (1x2) (2)

- Verbruiksbesteding op dienste het toegeneem gedurende die vierde kwartaal. √
- Verbruiksbesteding op duursame goedere, nie duursame goedere en semi-duursame goedere het gedaal gedurende die vierdie kwartaal √

4.3.2 **Verduidelik die formule vir die berekening van finale verbruiksbesteding deur huishoudings.** (4x1) (4)

- Duursame goedere√
- Plus Semi-duursame goedere√
- Plus Nie-duursame goedere√
- Plus dienste. √

4.3.3 **Waarom spandeer armer huishoudings die grootste gedeelte van hul inkomste op voedsel in vergelyking met meer ryker huishoudings?** (1x2) (2)

- Almal moet eet en as die inkomste min is word alles op kos spandeer en niks bly oor vir enigiets anders nie. √√
  (Aanvaar enige relevante antwoord)

4.3.4 **Verduidelik hoe verbruik werksgeleenthede stimuleer.** (1x2) (2)

- As verbruik toeneem moet besighede hul produksie vermeerder en om meer te produseer beteken meer produksiefaktore soos arbeid sal benodig word om meer goedere en dienste te produseer. √√

4.4 **Onderskei tussen nominale lone en reële lone.** (2x4) (8)

- **Nominale loon**
  - die bedrag wat die werker daagliks, weekliks of maandeliks ontvang. bv. √√
  - byvoordele soos ’n maatskappymotor of ’n kleretoelaag kan ook deel wees van die vergoedingspakket. √√
- **Reële loon**
  - die hoeveelheid goedere en dienste wat ’n mens met die nominale loon kan koop. √√
  - dit staan bekend as die koopkrag van die nominale loon. √√

4.5 **Waarom is kapitaalgoedere en dienste belangrik vir produseerders van goedere en dienste?** (4x2) (8)

- Hierdie goedere help om ander goedere te vervaardig en word nie direk opgebruik nie. √√
- Bv. masjinerie en toerusting wat gebruik word in produksie. √√
- Word gekoop deur vervaardigers van goedere en dienste. √√
- Staan ook bekend as intermediêre goedere. √√
- Sluit ook goedere en dienste in wat half-klaar is of die finale stadium moet bereik voordat dit vir verbruik gereed is. √√
- Vereis nog prosessering ten einde dit ’n finale produk te maak. √√ **[40]**

**AFDELING C**

**Beantwoord slegs EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in jou antwoordboek.**

**Jou antwoord sal as volg geassesseer word:**

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTETOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding** | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede / in-dieptebespreking / ondersoek / bespreek krities / ontleed / analiseer / vergelyk / evalueer / onderskei / verduidelik / assesseer / debatteer. | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte:** Gee eie mening / bespreek krities / evalueer / evalueer krities / teken 'n grafiek en verduidelik / gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / voltooi die gegewe grafiek / bereken / lei af / vergelyk / verduidelik / onderskei / interpreteer / debatteer kortliks / hoe? / voorstelle | Maks. 10 |
| **Slot/samevatting:**<br>Enige hoër orde samevatting behoort die volgende te bevat:<br>• 'n Kort opsomming van wat bespreek is, sonder om enige genoemde feite te herhaal<br>• Enige opinie of waardeskatting omtrent die bespreek te feit<br>• Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking / analise te versterk<br>• 'n Weersprekende standpunt met motivering, indien vereis<br>• Aanbevelings / voorstelle | Maks. 2 |
| **Totaal** | **40** |

**VRAAG 5** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

**“As ’n ekonomiese hulpbron, omvat ’n land al die natuurlike hulpbronne wat gebruik kan word in die produksie van goedere en dienste.”**

- **In die lig van die bogenoemde stelling, bespreek die eienskappe en die belangrikheid van hierdie produksiefaktor.** **(26)**
- **Verduidelik kortliks die impak van die droogte op die primêre, sekondêre en tersiêre sektore van Suid-Afrika.** **(10)**

**[40]**

**INLEIDING**
Natuurlike hulpbronne is al die middele wat in die natuur beskikbaar is en wat as insette in die produksieproses gebruik kan word. √√
(Aanvaar enige relevante antwoord) (1x2) (2)

**LIGGAAM**
**Eienskappe van natuurlike hulpbronne**
- Natuurlike hulpbronne is skaars√
  - Skaarsheid is die belangrikste kenmerk van natuurlike hulpbronne.
  - Natuurlike hulpbronne is skaars in verhouding tot mense se vereistes (hoeveelheid) en die gehalte wat in die produksieproses benodig word. √√
  - Daar is nie genoeg natuurlike hulpbronne van die vereiste gehalte om al die goed te maak wat al die mense in die wêreld graag sou wou hê nie. √√
  - Sommige natuurlike hulpbronne soos plante groei relatief maklik, maar dit neem die aarde miljoene jare om ander natuurlike hulpbronne soos olie aan te vul. √√
  - Natuurlike hulpbronne soos landbougewasse mag dalk ook nie van die vereiste gehalte wees nie, die suikerinhoud van druiwe kan dit bv. nutteloos maak vir die produksie van sap of wyn. √√

- Natuurlike hulpbronne het ’n prys√
  - Mense moet betaal om natuurlike hulpbronne te kan gebruik. √√
  - As ekonomiese produk is die vergoeding vir natuurlike hulpbronne huur. √√
  - Die huur word bepaal deur die gehalte en hoeveelheid van die beskikbare natuurlike hulpbronne. √√
  - As natuurlike hulpbronne skaars is, sal die huur hoër wees en as die gehalte laag is, sal die huur laer wees. √√

- Ongelyke verspreiding van natuurlike hulpbronne√
  - Natuurlike hulpbronne is nie eweredig oor alle lande versprei nie. √√
  - Sekere wêrelddele is ryk aan natuurlike hulpbronne, ander nie. √√
  - SA bv. het groot afsettings van goud en ander minerale, terwyl Japan nie groot mineraalafsettings het nie. √√
  - Die surplus hulpbronne in een land en die skaarste daaraan in ’n ander land het tot internasionale handel gelei. √√

- Waardetoevoeging tot natuurlike hulpbronne√
  - Die meeste natuurlike hulpbronne is nie nuttig (bruikbaar) in hulle natuurlike vorm nie. √√
  - Dit moet verander of omskep word om dit bruikbaar te maak. √√
  - bv. hout moet deur middel van ’n produksieproses in meubels verander word. √√
  - Die produksieproses voeg vorm nut tot die produk toe sodat dit in mense se behoeftes en begeertes kan voorsien. √√
  - Kapitaaltoerusting soos gereedskap of masjinerie moet eers gebruik word om die hout in meubels te omskep, wat dan ’n menslike behoefte sal bevredig. √√
  - Ten einde ’n natuurlike hulpbron bruikbaar te maak moet dit deur ’n produksieproses gaan. √√

  Ekonomiese belangrikheid van natuurlike hulpbronne. √√

  Suid-Afrika het ’n groot verskeidenheid natuurlike hulpbronne, onder andere
- Landbou, bosbou en visserye√
  - Landboubedrywighede is ’n belangrike deel van SA se ekonomie. √√
  - Landbou, bosbou en visserye voorsien in al SA se behoeftes. √√
  - SA is ’n netto-uitvoerder van voedsel bv. vars vrugte, wyn en hout vir die vervaardiging van meubels na Europese en ander Afrika-markte. √√
  - Hoewel die direkte bydrae van landbou tot die totale produksie van die land aansienlik gedaal het, bied dit steeds werksgeleenthede vir tussen ses en tien miljoen mense in die land. √√
- Die mynbedryf√
  - SA het ’n groot verskeidenheid minerale bronne van hoë gehalte in aansienlike hoeveelhede. √√
  - Goud verskaf ons land se grootste mineraalinkomste. √√
  - Die land verdien jaarliks miljarde rande uit goudhandel. √√
  - Mynbou verskaf werk aan derduisende werkers in SA. √√
  - Die buitelandse valuta wat verdien word met die uitvoer van minerale betaal vir noodsaaklik invoere soos olie. √√

  **(Maks: 8 punte vir opskrifte en voorbeelde)** (8x1) (8)
  **(Aanvaar enige relevante antwoord)** **(26 punte)**

**ADDISIONELE GEDEELTE**

**Verduidelik kortliks die impak van die droogte op die primêre, sekondêre en tersiêre sektore van Suid-Afrika.**

- Die droogte sal die meeste impak hê op die primêre sektor veral op landbouproduksie. √√
- ŉ Afname in produksie-uitsette kan vir baie plaasboere bankrotskap beteken. √√
- ŉ Afname in produksie kan tot werkverliese lei. √√
- Veeboere kan groot skade lei bv. hul kuddes kan doodgaan. √√
- Die droogte kan druk plaas op voedselpryse, veral voedselsoorte soos mieliemeel, vleis, hoender en melkprodukte. √√
- Die sekondêre sektor (vervaardiging / produksie) aktiwiteite sal afneem en mense kan hul werk verloor. √√
- Suid-Afrika sal landbouprodukte moet invoer vanaf ander lande teen hoë koste. √√
- Afname in uitsette / produksie√√
- Afname in landbou uitvoere√√
- Lae ekonomiese groei in die primêre sektor sal ŉ negatiewe impak het op die land se BBP en ekonomiese groei. √√

(Maks. 5x2) (10)

**SLOT**

Dit is elkeen van ons se verantwoordelikheid om ons natuurlike hulpbronne te bewaar en te beskerm. √√ (Maks. 2)
(Aanvaar enige relevante antwoord.) **[40]**

**VRAAG 6**

**"Suid-Afrika is een van baie lande met ŉ gemengde ekonomie in die wêreld".**

- **Bespreek die kenmerke, voordele en nadele van ŉ land met ŉ gemengde ekonomiese stelsel. (26)**
- **Ontleed die probleme wat Suid-Afrika in die gesig staar met te veel regeringsinmenging of betrokkenheid in die ekonomie. (10)**

**[40]**

**INLEIDING**

Suid-Afrika het ŉ gemengde ekonomiese stelsel waarbinne die voordele van beide ekonomiese stelsels gekombineer word. Suid-Afrika het ŉ ongewone ekonomiese geskiedenis wat nog steeds ŉ invloed op baie van sy maatskaplike en ekonomiese eienskappe het. √√ (Maks. 2)

**LIGGAAM / HOOFGEDEELTE**

**Kenmerke van ’n gemengde stelsel**

- Die meeste van die produksiefaktore word privaat besit, maar die staat beheer dit. √√
- Dit beteken dat die staat sal inmeng om markmislukkings reg te stel waar markondoeltreffendheid voorkom. √√
- Mense gebruik hulle eie inisiatief om produkte te vervaardig en te verkoop en dienste te lewer om in verbruikers se behoeftes en begeertes te voorsien. √√
- Die winsmotief speel dus ’n belangrike rol in die ekonomie. √√
- Hulpbronne word beskou as ’n manier om goedere en dienste vir finansiële gewin te verskaf. √√
  - Die mate waartoe ekonomiese bedrywighede deur die mark gerig word, word deur die vlak van die regering se berokkenheid bepaal. √√
  - Dit kan ontleed word deur staatsbesteding as ’n persentasie van die BBP te ondersoek. √√
  - Lande waar 35 – 60 % van die BBP uit staatsbesteding bestaan word as sosiale welsynstate beskou. √√
  - Die openbare sektor verskaf die infrastruktuur en openbare dienste aangesien daar min winsmotief hiervoor is. √√
  - Indien dit deur die vrye mark voorsien sou word. √√
  - Dieselfde is van toepassing op welsynsdienste aan die armes, die bejaardes en gestremdes. Dit is ’n voorbeeld van hoe die staat sy herverdelingsrol uitoefen. √√

**VOORDELE**

- Privaateienaarskap is een van die belangrikste voordele van hierdie stelsel
- Individuele skeppingsvermoë en die ondernemingsgees van die entrepreneur is die stukrag van die ekonomie. √√
- Dit stel die mark in staat om vinnig te reageer op veranderinge in smaak, voorkeure en behoeftes. √√
- Die regering hoef nie onnodig groot te wees nie. Dit het minder burokrasie en’n meer doeltreffende toewysing van hulpbronne tot gevolg. √√
- Eienaarskap van besittings bv. ’n huis of motor is oordraagbaar. Individue het die vryheid van keuse om te koop wat hulle wil hê. √√
- Hoewel entrepreneurskap en vryheid van keuse tot mededinging tussen ondernemings lei, speel die staat nog steeds ’n rol deur noodsaaklike openbare goedere en dienste te verskaf. √√

**NADELE**

- Markmislukking vind plaas wanneer skaars hulpbronne verkwis of uitgebuit word as gevolg van verkeerde produksiebesluite of die hebsug van privaat sakeondernemings. √√
- Arbeid word dikwels uitgebuit indien die rol wat die staat speel te klein is. √√
- Terwyl kapitaliste beweer dat gemengde ekonomieë deur staatsregulasies en inmenging belemmer word, voer sosialiste aan dat sommige gemengde ekonomieë te vry is. √√
- Omdat dit baie moeilik is om die regte balans te verkry, kan dit gebeur dat daar of te veel staatsinmenging is (wat sakebedrywighede belemmer) of dat vrye markte misluk wanneer daar ’n gebrek aan staatsbeheer is. √√
- Afhangende van die vlak van inmenging deur die staat kan belastings redelik hoog wees om openbare goedere en dienste te befonds. √√
- Dit kan mense ontmoedig om te werk. √√
- Aan die ander kant, as belastings te laag is, sal daar onvoldoende inkomste wees vir die befondsing van welsyn. √√
- Dit sal tot die ontstaan van ’n toenemend ongelyke samelewing lei. √√
- Aangesien die meeste produksiefaktore privaat besit word, loop die individu die risiko van moontlike verliese en bankrotskap. √√
  (Maks. 8 punte vir opskri9fte en voorbeelde)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

**Ontleed die probleme wat Suid-Afrika in die gesig staar met te veel regeringsinmenging of betrokkenheid in die ekonomie.**

- -Hoë vlakke van armoede vereis meer staatsinmenging om armes te help. √√
- -Dienslewering optogte versoek meer staatsondersteuning om mense te help om hul basiese behoeftes te bevredig. √√
- - Misdaadvlakke en algemene wetteloosheid vereis meer polisie ondersteuning. √√
- - Instandhouding en uitbreiding van huidige infrastruktuur (bv. elektrisiteit en publieke vervoer) vereis uitgebreide staatsinmenging. √√
- -Ongelykheid kan aangespreek word deur onderrig, behuisingvoorsiening and herverdeling van inkomste programme. √√ bv. land√
  (Aanvaar enige relevante antwoord.) (Maks. 10)

**SLOT**

In Suid-Afrika is die staat in die produksieproses betrokke as entrepreneur, organiseerder en wetgewer. √√ (Maks. 2)
(Aanvaar enige relevante antwoord.)

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**